

GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE. **2026**

NUKLEUS KULTUUR

# GRAAD 7 GEDIGTE:

## WOLK-RY

’n Warrelwind skep my op in die lug
en los my op ’n wolk se rug.

Daar seil ek, en die mense onder
staan hulle boognek en verwonder.

Van Somersetstrand tot Rondebosch
het al wat leef sy werk gelos.

Oor Tafelberg breek my wolk in twee
en ek duik doemeloem in die see.

’n Visserskuit het my opgelaai
en teruggevat na Gordonsbaai.

Telefoon, radio en koerante
versprei my storie na alle kante.
Maar Pa het my aan die nek gevat
en uitgelooi met ’n kweperlat.

“Verstaan,” sê hy, “’n mansmenskind
laat hom nie rondsmyt deur die wind.

Nog minder loop hy rond en spog
met radio- en koerantebog.”

*deur Ulrich Gerrits*

**BESOEK**
**WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES**
**OM IN TE SKRYF**





## MONSTER-ASEM

Linet de Wet het dae lank
haar tandeborsel vermy.
Linet de Wet het ver van vlos
en mondspoelmiddel gebly.
Ná 'n week het Linet de Wet
monster-asem gekry.

Een oggend toe sy "Môre" sê,
val haar arme ma en pa flou.
Toe sy die yskas oopmaak,
word die cheddarkaas potblou.

Terwyl sy skool toe stap,
tuimel voëltjies uit die lug;
honde, katte en kinders
slaan verskrik op die vlug.

Haar asem lok swerms brommers,
dit laat verlep elke liewe blom.
Party onnies raak bewusteloos
toe sy by die skool aankom.

Die skoolhoof skree benoud:
"Iemand, roep 'n dokter!"
Skielik is daar die gedreun
van 'n weermaghelikopter.

Die heli land in 'n stofwolk
reg langs die skool se snoepie.
Uit die kajuit spring 'n man
met 'n sonbril en 'n boepie.

Hy dra 'n weermaguniform
(en 'n gasmasker teen die reuk);
en glimlag vriendelik terwyl hy
sy hand na Linet uitsteek.

*deur Jaco Jacobs*





## MOENIE JOU MEDISYNE DRINK NIE

Moenie jou medisyne drink nie,
medisyne smaak te sleg.
Hier's 'n goeie boererat –
jou siekte is gou weg.

Neem 'n ongewaste sakdoek
en 'n halwe suurlemoen,
gooi dit bymekaar
in 'n stokou linkerskoen.

Gooi 'n druppel spoeg by
van 'n rooikopmeisie
en die gelerige stroop
van 'n uitgedrukte puisie.

Voeg daarby die korsies
van 'n ou, gemufte brood,
'n teelepeltjie aalwynsap
en 'n akkedis se poot.

Meng dit bymekaar,
sprinkel skilfers by
en maak dit lekker warm
tot dit 'n groen kleur kry.

Sluk dit weg en siedaar!
Weg is al jou pyne.
Wat sê jy daar?
Jy drink liewer medisyne?

*deur Jaco Jacobs*



GEDIG VOORDRAG KOMPETISIE. **2026**

NUKLEUS KULTUUR

## EK SING VAN DIE WIND

Ek sing van die wind, wat telkens gaan;
Ek sing van die reën wat daar val;
Ek sing van ons vaal ou Karooland;
Van blomme wat bloei by die wal;
Van water wat bruis oor die klippe;
Van duikers wat draf oor die veld;
Van voëls wat daar sing in die bossies —
Maar nooit nie, nee nooit nie, van geld!

Vir my sing maar liewers van blomme;
Van al wat die vlei laat verkleur;
Van al wat die sonskyn laat spartel;
Van voorjaar en najaar se geur;
Vir my sing maar liefs van die water;
Van duikers wat draf oor die veld;
Van rotse en branders en wolke —
Maar nooit nie, nee nooit nie, van geld!

*deur C. Louis Leipoldt*

**BESOEK**
**WWW.NUKLEUS.CO.ZA/KULTUUR-KOMPETISIES**
**OM IN TE SKRYF**